# Die Geboorte van JESUS

## en 'n storie om oor te dink

**MAPULA MARTHA MALATJI**

*Illustrasies deur Jonanda Kannemeyer*



**DIE GEBOORTE VAN JESUS**

Hierdie Bybel Storieboekreeks is ruimhartig geborg deur die Mergon Stigting.

3de vloer, Mill Square Gebou | h/v Plein & Andringa Straat
Stellenbosch | 7600 | Suid-Afrika
www.mergon.co.za

© 2023 One Heart
Eerste uitgawe 2023
Gedruk in Suid-Afrika
ISBN: 9781776475971

***Hierdie is 'n oopbron-boek en mag nie vir wins verkoop word nie. Die boek kan afgelaai word by www.oneheartforkids.co.za***

Hierdie boek mag elektronies of in gedrukte vorm versprei word met geskrewe toestemming van die uitgewer. Die boek mag geensins op enige manier verander word nie. Alle regte word voorbehou. Om toestemming te vra, kontak asseblief die uitgewer.

One Heart
17 Pelikaan Straat, Stellenbosch 7600
Suid-Afrika
www.oneheartforkids.co.za

Outeur: Dr. Mapula Martha Malatji
Illustreerder: Jonanda Kannemeyer
Tipografie en uitleg: Imprint Publishing
Afrikaanse vertaling en proeflees: Lianda Cruywagen

Nuwe Testament Bybelstorie

Lukas 1-2 & Matteus 1-2

# Die Geboorte van JESUS

Josef was verloof aan Maria. Eendag het daar ‘n engel aan Maria verskyn en haar gesê dat sy sou swanger raak deur die Heilige Gees.

Sy het Josef vertel en hy was baie bekommerd, want hulle was nog nie getroud nie.

Toe verskyn daar ‘n engel van die Here in ‘n droom aan Josef. Die engel sê vir hom, “Josef, afstammeling van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want die baba wat verwek is, is van die Heilige Gees.

Sy gaan geboorte gee aan ‘n Seun, en jy moet hom Jesus noem. Lank tevore het ‘n profeet al aangekondig dat dit gaan gebeur, en dat Hy ook Emmanuel sal wees, wat beteken God is met ons.”





Josef en Maria gaan toe van Nasaret af Betlehem toe om daar ingeskryf te word. Josef moes soontoe gaan want sy familie het van Betlehem af gekom.

Die tyd het aangebreek vir Maria om geboorte te gee. Haar babaseuntjie is gebore en sy het hom in doeke toegedraai en in ’n krip neergelê want daar was nie blyplek vir hulle in die herberg nie.





In daardie tyd het drie wyse manne 'n besonderse ster gesien. Hulle het van ver af gereis na Koning Herodes toe en hom gevra waar die nuwe Koning van die Jode was.

Hulle het Koning Herodes vertel, "Ons het sy ster in die ooste gesien, en ons het gekom om hom te aanbid." Koning Herodes was jaloers omdat hy bang was dat hy sy koninkryk sou verloor. Hy beveel hulle toe om verder te gaan en die babatjie te vind. So het hulle toe verder gegaan en die ster gevolg tot in Betlehem.



In daardie selfde tyd was daar skaapwagters wat in die nag oor hulle skape wag gehou het. Skielik het 'n engel van die Here aan hulle verskyn. Die heerlikheid van God was oral rondom hulle.

Hulle het vreeslik bang geword, maar die engel het vir hulle gesê, "Moenie bang wees nie! Ek bring vir julle goeie nuus wat alle mense baie bly gaan maak. Want daar is vandag vir julle, in die stad van Dawid, 'n Verlosser gebore, Christus die Here. Julle sal daar in 'n stal 'n baba vind wat in doeke toegedraai is."



Die skaapwagters sê toe vir mekaar, “Kom ons gaan Betlehem toe en gaan sien hierdie ding wat gebeur het, dit waarvan die Here ons vertel het.”

Die wyse mense het ook daar aangekom en die baba Jesus gevind. Almal het voor Hom gekniel en Hom aanbid en die wyse manne het vir Hom geskenke van goud, wierook en mirre gegee.





**Gebed**

Liewe Here, help ons asseblief om vir ander die goeie nuus van Jesus se geboorte op aarde te vertel.

Amen.

**Vrae**

1. Wie het vir Josef en Maria besoek en hulle die goeie nuus vertel van Jesus wat gebore sou word?
2. Hoekom het Josef en Maria Betlehem toe gegaan?
3. Hoekom het die babatjie Jesus in 'n stal in 'n krip gelê?
4. Wat het die engel vir die skaapwagters gesê?
5. Wie het nadat Jesus gebore is na Hom gaan kyk?
6. Vier jy die geboorte van Jesus? Hoekom?

## DIE BESOEKERS

Eendag in 'n kerk in Makhado in Limpopo was daar besoekers van 'n ander land wat sendelinge was. Een van die besoekers wou graag met die Sondagskoolkinders praat.

Die besoeker het die kinders gegroet en gesê dat sy hulle een van haar gunstelingliedjies wou leer. Sy het vir hulle gesê dat die liedjie gewild was by baie kinders in die land waarvandaan hulle gekom het en dat sy hoop hulle sou ook daarvan hou. Sy het gesê dat die liedjie oor die geboorte van Jesus gaan.

Sy het vir hulle gesê dat die liedjie so gaan: "Mense, kom kyk wat het God gedoen. Oor sonde en dood het Christus gewen. In 'n stal is daar vir ons gebore Jeus die Lam. Ja, die Lam van God, ons Verlosser en Saligmaker. Verheerlik God en wees bly, want sy belofte het gekom!"



Die liedjie gaan verder, “Koning Jesus het na die wêreld gekom om ons te red. Wanneer ons hartseer is kan ons na Jesus ons Redder gaan. Die naam van Jesus is kragtig en waar. Jesus het gesterf vir jou en vir my.”

Die besoeker het vir die kinders gesê om op die Here Jesus te vertrou met hulle hele hart. Sy het hulle aangemoedig om die liedjie te sing en om vir ander te vertel van Jesus die Verlosser.




**Gebed**

Dankie, Here, vir mense wat die goeie nuus van Jesus vir ander mense vertel. Help my asseblief om op Jesus te vertrou met my hele hart.


**Vrae**

1. Wie was die besoekers van oorsee?
2. Wat het hulle die kinders geleer?
3. Kan jy jou voorstel hoe die liedjie geklink het?
4. Na wie toe kan ons gaan wanneer ons hartseer is?
5. Glo jy in Jesus? Verduidelik jou antwoord.

**Die Geboorte van Jesus** *is deel van 'n reeks van 20 boekies gebaseer op gebeure in die Ou en die Nuwe Testament van die Bybel.*




Boek_1




Boek_2




Boek_3




Boek_4

Boek_5

Boek_6

Boek_7

Boek_8

Boek_9

Boek_10

Boek_11

Boek_12

Boek_13

Boek_14

Boek_15

Boek_16

Boek_17

Boek_18

Boek_19

Boek_20

## Die Geboorte van Jesus

In hierdie storie gaan ons leer dat engele Maria en Josef kom vertel het van Jesus wat gebore sou word. Ons leer ook van die plek waar Jesus gebore is en hoedat skaapwagters en wyse manne gekom het om Hom te aanbid en spesiale geskenke vir Hom te bring.

## Die Besoekers

Ons lees ook van die oorsese besoekers wat die kinders in die Sondagskool 'n nuwe liedjie geleer het oor die geboorte van Jesus, en hoedat hierdie besoekers die kinders aangemoedig het om die storie van Jesus vir ander te vertel.

9781776475971

Afrikaans

